

# Pinkster

NG Gemeente Wonderpark



**HOOFPUNTE WAT ELKE AAND OP ONS WEBBLAD OF YOUTUBE  
GEVOLG KAN WORD:**

**Maandag, 25 Mei 2020 om 19.00**

**Teks. Efesiërs 2:1-10**

**Tema. Die verhaal van die twee gedigte**

In hierdie gedeelte kry ons die verhaal van twee gedigte.

**1. Verse 1-3 vertel ons die verhaal van 'n stukkende verlore mens:**

- **Sonde.** Dit vertel die verhaal van 'n lewe in sonde. Die vertel die verhaal van die dood van onskuld, ideale wat met die loop van jare gesterf het en 'n mens wat 'n siellose wese geword het.
- **Rigtinglose lewe.** Dit vertel die verhaal van 'n mens wat sy doel in die lewe gemis het en wat op afdraaipaaie beland het.
- **Negatiewe energie.** Die eerste gedig vertel die verhaal van 'n mens wie se lewe deur demone en bose geeste beheer word en wat homself volledig aan sy eie drange en drifte oorgee.
- **Sonder hoop.** Die eerste gedig vertel die verhaal van 'n mens wat geen hoop op die toekoms en die ewigheid het nie, net die straf van God.

**2. Verse 4-10 vertel ons die verhaal van die nuwe gedig:**

- **Nuwe outeur.** Die tweede gedig vertel die verhaal wat begin met, "Maar God wat ryk is in barmhartigheid en wat ons baie lief het".



- **Skoon gewas.** Dit vertel die verhaal waar die ou verhaal deur die bloed van Christus skoon gewas is;
- **Nuwe lewe.** Die tweede gedig vertel die verhaal waar die nuwe outeur nuwe lewe in die dooie gedig bring, “Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!”
- **Nuwe energie.** Dit vertel die verhaal van nuwe energie en dryfkrag: “Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood.” Hierdie nuwe gedig herrys uit die dood.
- **Nuwe gesag.** Dit vertel die verhaal van iemand wat met gesag en outoriteit leef: God het ons saam met Hom ’n plek in die hemel gegee,
- **’n Gedig vol grasie.** God is besig om ’n nuwe meesterstuk te skryf, waarop jy baie trots kan wees - dit is ’n gawe van God. “Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.”
- **Nuwe meesterstuk.** Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dae waarvoor Hy ons bestem
  - ‘Die geheim lê in die meester se aanraking’
  - As ons die Groot Meester se aanraking in ons lewens het, dan is ons waarde onberekenbaar en kan ons werklik ’n legende vir Christus wees



**Dinsdag, 26 Mei 2020 om 19.00**

**Teks. Efesiërs 2:11-22**

**Tema. Die verhaal van die kers**

In Efese 2:11-22 kry ons die verhaal van die twee kerse

**1. Hierdie kers was alleen en sy vlam was geblus:**

- **Vyandskap.** Van geboorte was julle heidene, en julle is “onbesnedenes” genoem deur dié wat hulleself “die besnedenes” noem, al is die besnydenis net mensewerk aan die liggaam;
- **Sonder Christus.** Hierdie kers was sonder Christus, “In dié tyd was julle sonder Christus”;
- **Nêrens behoort.** Hierdie kers het nêrens behoort, “julle was uitgesluit uit die burgerskap van Israel”;
- **Ver van God.** Hierdie kers was ver van God, “ver van God af”, sonder deel aan die verbonde en die beloftes wat daarmee saamhang;
- **Sonder hoop en sonder God.** Hierdie kers was sonder hoop en sonder God, geen pit, geen vlam.

**DIE VLAM IS DOOD EN ALLEEN. HOE DONKER KAN DIE NAG NIE WEES NIE.**

**2. Christus het hom oor hierdie dooie kers wat sonder hoop en God was ontferm.**

- **Hierdie kers word nader aan God getrek en die vlam van hoop word weer aan die brand gesteek.** Hierdie kers wat vroeër ver van God was, het nou naby gekom deur die bloed van Christus.



- **Daar vind versoening tussen hierdie kers en die kerse plaas.**
  - Christus is ons **vrede**,
  - Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n **muur skeiding** gemaak het.
  - Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en dié twee **met God versoen** en tot een liggaam verenig.
  - Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees **vrye toegang** tot die Vader.
  
- **Hierdie kers word deel van 'n netwerk van ander kerse wat die donker nag helder verlig en hoop aan 'n donker wêreld bring.**

**Nuwe familie.** Julle is dus: nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar mede-burgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God.

**Nuwe gebou, God se tempel.** Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here,

**Sonder hoop en God, nou deel van Sy blyplek.** In wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon.



**Woensdag, 27 Mei 2020 om 19.00**

**Teks. Efesiërs 5:15-20**

**Tema. “Die Heilige Gees as... iemand wat ‘n lied in jou lewe bring”**

## **Inleiding**

- **Welkom**, en sowaar dit is alweer nog ‘n feestyd vir ons as volgelinge van die God van die Bybel wat so ‘n God is van Fees en viering. Onthou, afgesien van die feit dat sy mense aangespoor word om uit hulle pad te gaan en iets prakties te doen vir vieringe saam met Hom, is die betekenisvolle inhoud van Bybelse feeste basies en noodsaaklik. So ook met ons Pinsterfeestyd... ons moet vra wat dit vir ons persoonlik beteken. Pinsterfees gaan oor die Heilige Gees en die besondere werk wat die Gees in ons kom doen het en steeds doen. Voorwaar iets om te vier!

Vandag gaan ons kyk hoe die Heilige Gees ‘n besondere lied in ‘n mens se hart en lewe bewerkstellig... ons viering moet persoonlik en betekenisvol wees.

**Ek groet jou in die Naam van die Here:**

**Genade vir jou, liefde en vrede!**

**Net weer ons Tema:**

**“Die Heilige Gees as... iemand wat ‘n lied in jou lewe wil bring”**

God wil ons daar bring dat ons met ‘n lied in die hart sal lewe. Merkwaardig, dit nie net op mooiweersdae en wanneer alles lekker gaan nie. Dis nie maar net ‘n lied wanneer ons in die kerk saam is nie, maar ook in die slegste tye, ook waar ons alleen is.

- **‘n Lied?**

Mens het ‘n lied wat binne is en van binne uitkom in jou gewone lewe wanneer jy diep geraak is. As mens geraak is wil jy sommer iets daarvan skryf, soos party dit sommer doen in hulle dagboeke ingevleg in ‘n verhaal of gedig wat hulle skryf. Maar as dit meer is as dit wat jy kan skryf, word dit ‘n lied... jou hartsnare beweeg (nie noodwendig jou gevoelens nie... dieper, jou binneste)... dit kom uit in die manier waarop jy stap, of met ander praat en hulle hanteer. Soms neurie jy net, soms sing jy sommer, selfs al kan jy nie eers mooi sing voor mense nie. Dalk ken jy iemand wat baie so in die huis besig is of op kantoor terwyl hy of sy so op hulle eie loop of werk en ‘n lied sing (selfs in moeilike tye)... ek ken sulke mense.

Die Heilige Gees wil jou met ‘n lied in jou binneste laat lewe..geraak oor God en die betekenisvolle lewe wat Hy bewerkstellig.



- **Die Heilige Gees?**

Dit is duidelik in die hele Efesiërs-brief dat die Heilige Gees iemand is, nie 'n krag nie... 'n sensitiewe Persoon, God by jou en tuis in jou hele bestaan. **Gereed** om jou in staat te stel tot so baie wat die moeite werd is... jy moet net weet dis 'n werklikheid en Hom toelaat om in jou en deur jou werkzaam te wees. Waarin moet ons met Hom meegaan? Ons het mos gelees ons moet te wete kom wat die wil van die Here is.

- **Wat is dit dan... Wat wil die Heilige Gees bewerkstellig?**

Ons teksgedeelte Efesiërs 5:18-19 wys:

Dit sê... "Laat die Gees julle vervul"... en dan volg daarmee saam en as gevolg daarvan: singend onder mekaar lewe en singend vir die Here met julle hele hart verder lewe.

Kom ek vertaal die Griekse grondteks letterlik - onthou, dis baie letterlik:

"Word voortdurende/deurlopend vervul met/deur die Gees

.. pratende onder mekaar met allerhande soorte liedere(daar genoem),

terwyl julle aanhou psalms sing in die hart vir die Here

terwyl julle vir alles altyd dankie bly sê"

**Dit is die eerste wat gebeur as die Heilige Gees deurlopend vol-werkzaam is in jou lewe... jy lewe met 'n lied onder ander en daar is 'n lied in jou hart vir die Here Jesus! Daarom laat die Gees jou voortdurend vul.**

- **Hoe vervul die Heilige Gees jou as gelowige in wie die Gees reeds is?**

Die Heilige Gees is in elkeen wat aan Jesus behoort, skryf dieselfde Paulus van die Efesiërs-brief in Romeine 8:9. Maar die Gees vervul mens nie outomaties nie. Ons word hier in Efesiërs 5:18 aangespoor deur die Woord van die Here om die Heilige Gees ons te laat vervul.

**Die "vervulling", word aangedui, moet ons deurlopend laat gebeur.** Dit is dus nie soos om 'n koppie vol water te maak en dan is dit vol nie. Iemand het dit so beskryf:

Dit is soos 'n seilskip waarvan die bolseil heeltyd vol stoot van die wind... dit beweeg dit voort... hou die wind op waai, dan stop die boot en dryf enige kant toe. So werk dit met die Heilige Gees se werk in ons lewens. Solank die Gees ons laat beweeg, sal ons lewens aangedryf deur God uitspeel en nie aangedryf deur ons gevoelens en giere nie. Sodra ons op ons eie wil besluit en lewe, staan die Heilige Gees terug... baie hartseer dat dit so baie gebeur, soos Efesiërs 4:30 dit noem: ons "bedroef" die Heilige Gees.

"Laat die Heilige Gees julle vervul" sou beteken, 'n besluit deur jou, om jou doelbewus oor te gee aan die Gees en die Gees se werk. Dan is jy onder invloed



van die Gees, wat jou wys wat jy moet doen en jou in staat stel om te doen wat jy dan weet om te doen.

Wat dan gedoen moet word in jou huislike verhoudings, jou werksituasie en in die stryd van elke dag in die wêreld, praat ons môreaand meer oor.

Wat eerste gebeur na jy so oorgegee het aan die Heilige Gees en die Gees se werk, is die lied in jou hart. Jy praat dan met alles wat jy is, sê en doen met ander vanuit die lied in jou hart.

“Word voortdurende / deurlopend vervul met / deur die Gees

... en dan pratende onder mekaar met allerhande soorte liedere (daar genoem)

Die lied binne, geraak deur God en die lewe wat Hy moontlik maak,

laat jou op 'n ander manier met ander kommunikeer... dit word 'n lied in hulle ore.

Wat daarmee saam gebeur is die lied tot God wat aanhou in jou bid en diens aan Hom en letterlik sing vir Hom - 'n lied van erkenning, jou lewe soos 'n Psalm vir Hom deurlopend deurspek met dank teenoor Hom.

Weereens die letterlike vertaling wat dan so lui:

... “terwyl julle aanhou psalms sing in die hart vir Here (ja, daar staan net kurios vir Jesus Christus, soos hulle Hom geken het.)

terwyl julle vir alles altyd dankie bly sê”

**So bring vervulling met die Heilige Gees 'n lied met 'n boodskap aan medemense en 'n lied vol erkenning en dank aan die Vader Persoonlik!**

So alleen, word die lewe 'n lied, te midde van krisisse, wat ander raak en die Here God deurlopend loof.

**Mag die bolseil van jou lewensboot steeds gevul wees met die wind van die Heilige Gees wat jou lewe aandryf! Besluit dit voortdurend, laat die volle beheer voortdurend aan Hom oor.**

### **Gebed:**

Gees van God, ek gee oor aan U beheer... vul my, lei my, laat die lied wat U in my hart bewerkstellig al duideliker opklink in my lewe. Amen

Hoop jy kan môreaand weer inskakel as dit gaan oor: Die Heilige Gees as... Iemand wat jou geïnspireerd anders laat lewe.

Ontvang nou Sy seën:

Die genade van die Here Jesus Christus, die Liefde van God en die besondere werking van die Heilige Gees sal met jou wees. Amen.



**Donderdag, 28 Mei 2020 om 19.00**

**Teks. Efesiërs 5:18 - 21 & 6:18**

**Tema. “Die Heilige Gees as... iemand wat jou geïnspireerd anders laat lewe”**

## **Inleiding**

- **Dagsê**, Ons vier die Heilige Gees en die besondere werk wat die Gees doen in ons. Gister het ons gesien uit Efesiërs 5:18 en 19 dat, as mens die Gees toelaat om jou voortdurend te vul, daar dan 'n lied in jou hart begin waarmee jy anders is teenoor jou medemens en daarmee saam begin ook 'n lied in jou hart vir die Here. Die eerste teken van 'n Gees-vervulde lewe is dus 'n lewe met 'n lied in die hart selfs dwarsdeur die moeilikste tye.
- **Vandag** is ons Tema: Die Heilige Gees as... iemand wat jou geïnspireerd anders laat lewe.

**Ek groet jou in die Naam van die Here God, genade en vrede vir jou.**

- **Skriflesing:** Efesiërs 5:18-21
  - verwysend na Vroue (vers 22), Mans (25),
  - Kinders en Ouers (6:1-4)
  - Die Arbeidswêreld (Werkgewers en Werknemers 6:5-9)
  - Die stryd wat in die wêreld woed (6:10-17)
  - Dan vers 18

- **Prediking:**

**Net weer ons Tema:**

**“Die Heilige Gees as... as iemand wat jou geïnspireerd anders laat lewe”**

Daar is sekere kringe waarin mense dink dat wanneer hulle inspirasie nodig het vir hulle kuns of musiek, hulle iets anders moet gebruik soos rook of drank.





In die tyd van die Efese-brief het die wat afgode gedien het dieselfde idee gehad. Mense weet dat ons inspirasie kort vir iets spesiaal, maar ons soek dit op gevaarlike plekke en in gevaarlike middels... met slegte gevolge!

In die tyd van die Efese-brief het hulle gedink om met die gode te kan kontak maak en daarna daarmee te gaan lewe, moes hulle baie drank gebruik het. Hulle het gedrink tot hulle dronk was, met 'n ongekende losbandigheid van oor-eet en deurmekaar seks, met meer as net kopseer as hulle daarvandaan verder gaan lewe. Soos ons vandag ook sien hoe drankmisbruik huismoles, vroue- en kindermishandeling tot gevolg het... en selfs moord.

**Vir inspirasie, vir iets spesiaal in die lewe sê die Here in Efesiërs 5:18 en 19 Nee! Nie drank en dronkword nie, maar vir die lewe waarna mense smag: die Heilige Gees se vervulling!**

**Lees Efesiërs 5:18 en 19**

**Gister se Boodskap was:** Gee die beheer van jou lewe doelbewus ten volle oor aan die Heilige Gees, laat die Gees jou lewe aandryf of jou inspireer en in staat stel tot 'n spesiale lewe:

'n Lewe met 'n lied in die hart vir die Here, 'n lied wat jou anders laat wees teenoor ander mense.

**Kyk saam met my vandag na waartoe die Heilige Gees mens in staat stel, naas die lied wat die Gees in jou lewe bring.**

Jy sien, die woorde: Laat die Gees jou voortdurend vul, moet in een asem gelees word met die res van Efesiërs 5 en 6!

Waar dit gaan oor ons optrede oral teenoor mekaar.

Hoe die Gees ons verhoudings verander word ingelei in vers 21 met 'n belangrike stuk aansporing en instaatstelling van die Heilige Gees naamlik: Wees uit eerbied aan Christus aan mekaar onderdanig... dit beteken gewoon NEDERIGHEID teenoor mekaar.

Lees ons hierdie gedeeltes in die Griekse grondteks, lyk dit so:

**Die kostante vervulling/ inspirasie deur die Heilige Gees het veral Vier GEVOLGE:**

**Dis 'n ander lewe wat volg, geïnspireer deur die Gees... Dis wat ons nodig het!**



1. 'n Lewe met 'n Lied (vers 19)
2. 'n Lewe met Dankbaarheid (vers 20)
3. 'n Lewe van Nederigheid teenoor ander (vers 21 - 6:9)
4. 'n Lewe waarin ek my plek volstaan in ons wêreld (6:10)

Vandag veral dan: Hoe die Nederigheid uitspeel in die lewe, sien jy in

Vers 21-6:9

Mans het hulle vroue lief en gee hulleself soos Christus

Vroue sien op na hulle mans en eerbiedig hulle

Kinders gehoorsaam hulle ouers en eer hulle

Ouers maak kinders groot soos die Here hulle lei.

Werknemers (selfs slawe ook) lewer diens asof aan die Here

En daarna staan daar, met dit wat die Gees dan in jou doen

6:10 Soek julle krag in die Here en in sy groot mag

Trek die volle wapenrusting van God aan ter wille van jou pos in die wêreld.

Doen dit alles biddend deur die Gees.

➤ **Ten Slotte: Hoe soek jy inspirasie vir die lewe?**

**Oorgawe aan die Heilige Gees, aangedryf en geïnspireer deur die Gees, bring 'n Lied, 'n Dankbaarheid, 'n Nederigheid en 'n Krag wat jou alledaagse lewe heeltemal verander.**

➤ **Gebed:**

Here ons God, ons wil U aanbid as die bron van alles wat die moeite werd is.

U goedheid Heer kan ons nie peil nie, wie word daardeur nie diep getref.

Heilige Gees, vul ons, dring ons, inspireer ons..dat ons nuut en anders met mekaar sal gaan lewe. 'n Lewe wat in hierdie tye u liefde en lig sal neem na alle aspekte van ons lewens.. en alle mense met wie ons in aanraking kom.

Mag U verheerlik word, Here. Amen

➤ **Seën**

Die genade van ons Here Jesus Christus

Die liefde van God ons Vader

Die daar wees, die inspirasie en bekragtiging van die Heilige Gees sal met jou wees. Amen

